# ’N (N.G.) GEMEENTE IN “HET KAMP TE BLOEMFONTEIN” GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1900-1903

R.M. Britz[1]

## ABSTRACT

## A (DUTCH REFORMED) CONGREGATION IN “THE CAMP AT BLOEMFONTEIN” DURING THE ANGLO-BOER WAR 1900-1903

The two previous editions of *Acta Theologica* published the stories of the well-known “Tweetoringkerk” and the Dutch Reformed Mission Church of Waaihoek at the time of the Anglo-Boer War (1899-1902). The present article focuses on the third Bloemfontein Dutch Reformed congregation during that war. This congregation came into existence in the concentration camp on the outskirts of the city. It was ministered to by a number of Dutch Reformed clergymen appointed by the new colonial government. The two Lutheran pastors of Bloemfontein (Grosskopf and Arndt) also served the church in the camp. The congregation was structured along the traditional lines of the Dutch Reformed Church: there was a church council, a Sunday school, prayer meetings, a Christian Endeavour Society, and from time to time special evangelisation meetings. Both Baptism and Holy Communion were administered. The available sources reveal that the theological convictions and approach of the ministers who served in the camp relate to the 19th century (Arminian) evangelicalism (and revivals) that were so popular in America and Great Britain. When the war ended and the camp was demolished in January 1903, this first “macro-church” of Bloemfontein also ceased to exist. The article gives an interesting perspective on the religious ministry in a concentration camp during the Anglo-Boer War.

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die drie Bloemfonteinse N.G.-gemeentes diepgrypend geraak. Hoedat die oorlog op twee hiervan, die Tweetoringkerk en die Sendinggemeente van Waaihoek, ingekom het, is in die vorige uitgawes van *Acta Theologica* aan die orde gestel.[2] Hierdie artikel

1 Prof. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat.

2 Sien R.M. Britz, “Die Tweetoringkerk as een van die N.G.-gemeentes van Bloemfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902”. *Acta Theologica* 22(1) Junie 2002:2 e.v.; R.M. Britz, “Waaihoek se N.G. Sendinggemeente in Bloemfontein: 1891-1903”. *Acta Theologica* 22(2) Desember 2002:1 e.v.

fokus op die oorblywende N.G.-gemeente van stad. Dit was 'n besondere gemeente. Hy sou gedurende 1900 ontstaan. Ingedruk in die tentdorpe van die konsentrasiekamp by Spitskop aan die westekant van die stad, het sy lidmate as slagoffers van die oorlog vir byna drie jaar buitengewoon ellendige en droewige omstandighede verduur. Meer as 1600 van hulle, veral kinders, sou die kamp nie oorlewe nie. Die dood, en armoede, het 'n oorheersende rol gespeel. Dit het 'n onuitwisbare merk op die kampgemeente gelaat. Toe die kamp in 1903 opgebreek is en die gemeente weer uiteengeloop het, was dít die een herinnering wat nie in die vergetelheid verlore kon raak nie.[3] In die verhaal van die kampgemeente hieronder is die toespitsing egter op die aard van die teologiese oortuigings onderliggend aan die bediening van die gemeente. Hoe is die evangelie van Christus in 'n situasie van desperate armoede, en onvoorsiene dood, wat so bepalend oor die netjiese rye wit kloktente, sinkhutte en enkele baksteengeboutjies gehang het, gepreek? Is dit kontekstueel aangepas, óf is 'n tradisionele benadering gehandhaaf? Waar het die leraars die aksent gelê in hulle uitleg van die Skrif aan lidmate van gereformeerde belydenis? Hoe hét dit in die kamp, veral toe dit 'n geslote konsentrasiekamp nader aan die einde van 1900 geword het, met ander woorde, teologies daaraan toegegaan?

## 1. 'N KAMP VIR VLUGTELINGE BY BLOEMFONTEIN 1900

Nadat die Vrystaatse hoofstad in Maart 1900 gekapituleer het, en die Orange River Colony homself aangekondig het, was dit vir baie Vrystaters die einde van die oorlog.[4] Burgers het die wapens neergelê en hulle aan die voortgang van die stryd onttrek. Dit is vandag algemene kennis dat veral diegene wat na hulle afgesonderde plase teruggekeer het, deur oorblywende boerekommando's en buitsoekers bedreig is. Om die lewe daar voort te sit,

3 Sien in hierdie verband die herinneringe van J.A. Lombard, "Die konsentrasiekamp op Bloemfontein gedurende die Engelse-Boere oorlog 1988-1902". 4923/2 Oorlogsmuseum, Bloemfontein. Kyk ook C.H. Stulting, "Bloemfontein Konsentrasiekamp. Anglo Boere Oorlog, 1899-1902". 3646/6 Oorlogsmuseum, Bloemfontein. Vgl. ook die insiggewende artikel van Albert Grundlingh, "Die Anglo-Boereoorlog in die bewussyn van 20ste eeuse Afrikaners". In: Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*. Human & Rousseau, Kaapstad, Johannesburg, Pretoria, 2001:242-263.

4 Sien hiervoor T. Pakenham, *The Boer War*. Abacus, London, 1998:371 e.v.; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Academica, Pretoria, Kaapstad, Johannesburg, 1980:346 e.v.

het onmoontlik geword. Vir die nuwe owerheid het 'n lastige situasie ontwikkel. Die verskansde stad het wel — en dit was die enigste werkbare uitweg — vir hulle 'n veilige wykplek gebied. Gevolglik is 'n "Refugee Camp" waarskynlik reeds gedurende Augustus 1900 noordwes van die stad, tussen Tempe en Spitskop, aangelê.[5] Die grond is deur die militêre owerheid van die stadsraad bekom.[6] In tente en sinkgeboutjies, gegrond op 'n haastig opgerigte infrastruktuur, het bogemelde burgers as vlugtelinge nou 'n tydelike en ongemaklike heenkome gevind. Die plase is aan eie lot oorgelaat. In die stad het hulle as "refugees" ten minste persoonlike veiligheid bekom.

Die verwagting van die Britse opperbevel dat die oorlog tot 'n spoedige einde sou kom, is nie bewaarheid nie. Die Boereleërs, of liewer, wat daarvan oorgebly het, het opgebreek in kommando's en met 'n guerrillaoorlog begin.[7] 'n Verskroeide aarde-beleid is toe van stapel gestuur om hierdie onverwagse ontwikkeling hok te slaan.[8] Díe ongenaakbare taktiek het ook ingehou dat die Britte begin het met die verwoesting van plase. Dit het meegebring dat die oorblywende burgerlike bevolking nou ook gewelddadig na konsentrasiekampe, wat veral by dorpe langs die spoorlyne opgerig is,[9] weggevoer is. In Bloemfontein is die bestaande "Refugee Camp" hiervoor gebruik. So het veral vrouens en kinders en bejaardes teen die einde van 1900 begin instroom na die kamp wat oorspronklik nie vir hulle bedoel was nie.[10] En, ook nie gereed was om hulle te ontvang nie. Hy het uit sy nate gebars. Dit het nou die heenkome van talle mense geword wat nie die wapens neergelê het nie, maar hierheen gedwing is. Streng militêre reëls sou die lewe hier reguleer en toegang en uitgang beperk.

Die kamp het niks meer as 'n ingehokte lewe gebied nie. Hierdie onsalige en teneerdrukkende lewe is reeds dekkend beskryf.[11] Die vraag na wat

5 K. Schoeman, *Bloemfontein — die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Human & Rousseau, Kaapstad, 1980:174-175.

6 Sien E. Wessels, "'A cage without bars' — die konsentrasiekamp in Bloemfontein". In: Pretorius (red.), a.w.:60 e.v.

7 Vgl. hiervoor Muller (red.), a.w.:351 e.v.

8 Vgl. Pakenham, a.w.:470 e.v.

9 Voor in die bogemelde boek van Pretorius is 'n goeie kaart waarop die konsentrasiekampe vir wit en swart aangedui is. Daarvolgens was daar uiteindelik nie minder nie as 50 kampe vir blankes opgerig. Sien Pretorius (red.), a.w.:8.

10 Sien Muller, a.w.:354 e.v. Vgl. veral ook F. Pretorius, "Die lot van die Boerevroue en -kinders". In: Pretorius (red.), a.w.:36-59.

11 Vgl. vir 'n algemene oorsig J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: Staatsargiefdiens, 1990. Deel: II:15 e.v.; Deel IV:28:1 e.v.; 29:1 e.v.; 30:1 e.v.; 31:1 e.v.; 32:1 e.v.; 33:1

kerklik in die kamp gebeur het, is egter nog nie behoorlik beantwoord nie. Juis hierop moet nou, in die lig van beskikbare bronne, ingegaan word.

## 2. DIE KERKLIKE BEDIENING IN DIE KAMP

Die bekende Bloemfonteinse voorganger en ouderling, John Fraser,[12] merk terloops in die teboekstelling van *Episodes in my life* op dat sy vriend en predikant, ds. H.T. Kriel (1844-1916),[13] eredienste in die kamp gaan hou en gesorg het vir 'n kerklike bedieningstruktuur.[14] Waarskynlik het hy dit pas nadat die kamp ontstaan het, begin doen. Ds. Kriel was teen die einde van 1900 ook diep betrokke by noodleniging aan die kampmense.[15] Uit hierdie gegewens blyk dat hy die kamp as 'n nuwe arbeidsveld gesien het en daarby betrokke geraak het. Maar, van sy werksaamhede is daar nie verder boekgehou nie. Tog moet dit aangemerk word as die begin van 'n N.G.-kampgemeente.

Kriel was ook nie die enigste Bloemfonteinse predikant wat die aanvanklike bearbeiding van die kamp behartig het nie. Die plaaslike sendeling van die N.G.-gemeente, eerwaarde J.S. Louw (1871-1935),[16] het eweneens hierheen uitgery om die Woord te bedien en die herderlike sorg waar te neem.[17] Dan het die predikante van die Lutherse Kerk, pastor J.G. Grosskopf (1851-1925),[18] en sy kollega, eerwaarde Johannes Arndt (1857-1931),[19]

e.v.; 34:1 e.v. Sien ook A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bloemfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. In medewerking met Danie Olivier, Oologsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, 1993. Onlangs het die artikel van Wessels in Pretorius (red.), a.w.:60 e.v., verskyn.

12 *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I:314.

13 Vir 'n beskrywing van die huis waarin hy opgegroei het, sien J.D. Kestell, *Abraham Paul Kriel. Sy lewe en werk*. Christelike Uitgewersmaatskappy, Johannesburg, s.d.:1 e.v. Kyk ook *Almanak voor de Nederduitsche Gerefomeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1918*. Kerkekantoor, Kaapstad, 1917:212.

14 Vgl. J.G. Fraser, *Episodes in my life*. Juta & Co. Ltd., Cape Town, 1922:297.

15 Britz: "Die Tweetoringkerk …" a.w.:9-10. Sien ook *De Kerkbode* XVIII(2), 10 Januarie 1901:18-19.

16 Vir hom, sien Britz, "Waaihoek se N.G. Sendinggemeente …" a.w.:8. Kyk ook *Jaarboek van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die Skrikkeljaar 1936*. Jaarboek-Kommissie, Nasionale Pers, Kaapstad, 1935:365.

17 Sien *De Kerkbode* CVIII(26), 4 Julie 1901:386.

18 Vir hom sien L. Zöllner & J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*. R.G.N. Pretoria, 1984:105 e.v.

19 Vir Arndt, sien dies.:25.

ook nie geskroom om hand by te sit nie.[20] Hulle sou trouens dwarsdeur die oorlog die Woord en ten minste die sakrament van die doop in die kamp bedien.[21] Dit het geskied op die manier wat in die N.G.-gemeentes gebruiklik was, naamlik dat daar by elke dopeling nie net die ouer(s) nie, maar ook getuies betrokke was.[22] In die kamp is beide Duitsers, wat in Bloemfontein goed bekend was, graag ontvang. Grosskopf het reeds in 1878 in stad aangekom, terwyl Arndt in 1893 as tweede Lutherse predikant, hom kom help het. Klaarblyklik het die predikante van die N.G. Kerk van harte hulle bediening in die kamp ondersteun en daarin meegeleef.

Die samewerking in die bediening van die Woord en die sakrament van die doop, moet nie net toegeskryf word aan die nood van die situasie nie. Vir die Berlynse Sendinggenootskap met sy Lutherse agtergrond en benadering, was die N.G. Kerk van die Vrystaat lank reeds 'n betroubare medewerker.[23] Toe hierdie genootskap ook gevolg gee aan die bediening van Lutherane wat in die Vrystaat kom woon het en vir hulle gemeentes help oprig het, was daar onderling die beste verhoudinge. Die *Wetten en Verordeningen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Oranje Vrijstaat* (1895) het boonop bepaal dat hierdie Kerk

> de broederlijke gemeenschap met andere kerken (onderhoudt), die met haar dezelfde Hoofdsaken in leer en leven van het ware Christendom van alle eeuwen omhelzen en liefhebben.[24]

Dit was dus nie vreemd dat beide Lutherse predikante in die kamp kom arbei het nie, en selfs die doop bedien het nie. Dit was ook aanvaarde praktyk dat geordende N.G.-sendelinge Woord en sakrament in N.G.-gemeentes

20 Aan die begin van Jauarie 1901 het hy 'n lys van kinders wat hy in die kamp gedoop het, opgestel, met die bedoeling dat dit beskikbaar sou wees aan die gemeentes waarheen die betrokkenes later terug sou keer. Sien Oorlogsmuseum 1697/1, "Taufen im Camp". Die eerste inskrywing staan onder datum 3 Januarie 1901. Ook Oorlogsmuseum 1658/1, "Lys van dopelinge in Konsentrasiekamp".

21 Dit word bevestig in die Doopregister Refugee Kampen O.R.K. 1901-1902, wat in die Argiefbewaarplek van die N.G. Kerk O.V.S. gehou word. Inskrywings onder Grosskopf en Arndt se name kom tussen 1901 en 1902 voor.

22 Doopregister Refugee Kampen Oranje Rivier Kolonie, 1901-1902, Argiefbewaarplek N.G. Kerk O.V.S. Vgl. Januarie 1901, April 1901.

23 Vgl. hiervoor R.M. Britz, *Waaksame skans. Die Tweetoringkerk Bloemfontein 1848-1998*. N.G. Kerkraad Bloemfontein, Bloemfontein, 2000:16, 40 e.v., 45 e.v., 51.

24 Sien *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van den Oranje Vrijstaat 1895*, Art. 5, 6. Vgl. in hierdie verband ook Artikel 10, 7.

kon bedien. Daar was gevolglik ook geen hindernisse vir eerwaarde Louw om in die kamp te werk nie.

Die kamp is dus reg uit die staanspoor bedien deur die beskikbare predikante van die N.G. en Lutherse Kerk. Verder kan aanvaar word dat daar rondom die pastoraat, sterwensbegeleiding en eredienste, bidure en 'n Sondagskool as tipiese N.G.-strukture gevorm het. Of daar tussen September 1900 en die helfte van 1901 'n kerkraad aangewys is, is 'n ope vraag. Vir ds. Kriel was daar wel helpers om lyste van behoeftes te maak, maar daar is geen aanduiding dat hulle dit as kerkraadslede gedoen het nie. Inligting oor die kerklike lewe van die kamp kom eers weer in bronne teen die helfte van 1901 na vore.

## 3. 'N PREDIKANT WORD VIR DIE KAMP AANGESTEL: JUNIE 1901

Gedurende 1901 sou die situasie in die kamp handuit ruk. Eintlik was die skrif reeds van die begin af aan die muur. Die infrastruktuur van die oorbevolkte Bloemfontein kon eenvoudig nie nóg 'n konsentrasie van etlike duisende mense hanteer nie. Daarby het die instroming na die kamp gedurende die eerste helfte van 1901 vinnig toegeneem. 'n Opgaaf in *De Kerkbode* van 27 April 1901 stel die getal op 3689 inwoners.[25] Hoewel die Superintendent en die administrasie gedoen het wat hulle kon, kon die talle beperkinge nie oorbrug word nie. Dit het die lewe in die kamp weersinwekkend gemaak. Veral die verwydering van afval het veel te wense oorgelaat. Sanitêre voorsienings was ontoereikend.[26] Teen 'n ernstige besoedelingsgevaar het die dokters van die kamp dikwels gewaarsku.[27] Die oorbewoning van tente, kontakbesmetting, onsuiwer water[28] en die beperkte lewensruimte[29] het 'n oorweldigende getal siekes tot gevolg gehad. Die aantal sterfgevalle het, net soos onder die Britse soldate, die hoogte ingeskiet. Ongeveer 1600 mense, die meeste jong kinders, sou altesaam hier tragies aan die einde van die lewe kom.[30] Vanweë die onbeheerde toename in getalle, is die kamp gedurende Mei 1901 in twee verdeel.[31]

25 *De Kerkbode* XVIII(21), 30 Mei 1901:315.
26 Schoeman, a.w.:175. Vgl. ook Wessels, a.w.:63 e.v.
27 C.O. 25 No 2265/01 17 April 1901 — Sanctuary Inspection Refugee Camp. Vrystaatse Argiefbewaarplek.
28 Sien Wessels: a.w.:65 e.v.
29 Dies.:66 e.v.
30 Raath en Louw: a.w.:127 e.v. Sien ook Wessels: a.w.:70 e.v.
31 I.B.B. 40. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Ds. Kriel het ondertussen siek geword en die stad in April 1901 verlaat. Hy sou eers oor ses maande weer terug wees.[32] Ondertussen moes die Bloemfonteinse gemeente dus sonder 'n predikant klaarkom. Die plaaslike sendeling het wel uitgehelp,[33] maar dit het nie die probleem opgelos nie. Die beskikbare kerkraadslede het die saak aangespreek en 'n oplossing gevind in die aanstelling van ds. W. Robertson (1843-1913) van Petrusburg.[34] Ds. Robertson sou terselfdertyd namens die nuwe Koloniale owerheid die geestelike bearbeiding van die kampe koördineer. Hy moes toesien dat die kampe van predikante wat die eed van getrouheid aan die Britse koning afgelê het of Britse onderdane was, voorsien word om die bediening daarin waar te neem. Vir die koste hiervan het die owerheid ingestaan.[35] Die toegestane kostestruktuur kom, terloops, ooreen met die staatsondersteuning wat die Republiekeinse owerheid tot met die uitbreek van die oorlog aan (onder andere) die N.G. Kerk in die Vrystaat toegestaan het.[36] Die nuwe Koloniale owerheid het dus hierdie reëling voorlopig voortgesit. Hiermee is 'n vennootskap tussen kerk en staat gehandhaaf. Daarin sou werdersydse belange natuurlik 'n rol speel. Vir die N.G. Kerk het dit beteken dat die kerklike bediening in die kampe sonder finansiële sorg sy loop kon neem. Geen "kerkelijke Collegien" (dit wil sê Kerkraad, Ring of Sinode) kon, of het, enige inspraak in die aanstelling van hierdie geestelike arbeiders gehad nie.[37] Die amptelike tussenganger was 'n predikant van die N.G. Kerk en het die organisering van hierdie bediening so hanteer dat daar nooit enige spanning hieromtrent opgebou het nie.

32 *De Kerkbode* XVIII(14), 11 April 1901:222. Sien ook dies., XVIII (23), 13 Junie 1901:341.

33 Sien Britz, "Waaihoek se N.G. Sendinggemeente …" a.w.:11.

34 Sien in hierdie verband Britz, "Die Tweetoringkerk …" a.w.:12-14. Vir Robertson, *Almanak voor de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1914*. Kerkekantoor, Kaapstad, 1913:188.

35 C.O. 25 2264/01, 3 Julie 1901. Vrystaatse Argiefbewaarplek.

36 Sien J.D. Kriel, "Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902)". In: *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 16(1) 1953, Staatsdrukker, Elsiesrivier, 1953:155 e.v. Vir die N.G. Kerk, sien dies.:166 e.v.; vir die Gereformeerde Kerke:209 e.v.; vir die Rooms Katolieke Kerk:226 e.v.; vir die Anglikaanse Kerk:234 e.v.; en vir die Weslyaanse Kerk: 246 e.v.; die Lutherse Kerk:249 e.v.; die Baptiste Kerk:252 e.v. en die Presbiteriaanse Kerk:253.

37 Sien hiervoor *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikels 40 e.v., 20 e.v., wat handel oor die Kerkraad, Ring en Sinode.

Ook die kamp op Bloemfontein is op hierdie wyse nou aan 'n predikant gehelp. Eerwaarde R.H. Daneel (1865-1937)[38] is daarvoor aangewys. Hy is in 1893 toegelaat tot die bediening deur die Binnelandse Sendingkommissie van die Kaapse N.G. Kerk nadat hy sy opleiding aan die Sendinginstituut op Wellington voltooi het. Voordat hy met die uitbreek van die oorlog in 1899 bevestig is as sendeling van die gemeente Harrismith, het hy vryskut evangelisasiewerk in gemeentes gedoen waarheen hy genooi is. In Harrismith moes hy egter vanweë die oorlogsontwrigting sy eerste permanente opdrag prysgee. Hy sou sy weg na Bloemfontein vind. Reeds aan die begin van April 1901 het *De Kerkbode* vermeld dat eerwaarde Daneel vir 'n sekere tyd "in de boerenkampen" sou kom arbei.[39] Die kerkraad van Bloemfontein het op sy vergadering op 7 Junie 1901 die posisie van Daneel bespreek. Aan John Fraser is toe opgedra om in oorleg met ds. Robertson die staatsonderhoud en geestelike werk van eerwaarde Daneel te reël.[40] Dit het uitgeloop op sy aanstelling as predikant vir die kamp. In terme van die kerk-staatvennootskap onderliggend aan hierdie reëlings, is dit vanselfsprekend dat die kerkordelike bepalinge van die N.G. Kerk in verband met vakatures en beroeping van predikante nie gevolg is nie.[41] In die buitengewone omstandighede het 'n kerk-staatvennootskap fundamentele funksies van die gemeente en kerkraad oorgeneem. Daardeur is die bediening deur kerk- en landgenote moontlik gemaak.

Op die 9de Junie het eerwaarde Daneel amptelik met sy werksaamhede "in het vrouwenkamp", soos *De Kerkbode* daarna verwys, begin.[42]

38 Vir hom, sien *Jaarboek van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1938*. Jaarboek-Kommissie, Nasionale Pers, Kaapstad, 1937:391. Kyk ook A.A. Odendaal, *Die Nederduitse Gereformeerde Sending in die Oranje Vrystaat 1824-1910*. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1970: 110 e.v. Ook A. Dreyer, *Kruisgesante in Suid-Afrika. Jubileum-Gedenkboek van die Sendinginstituut op Wellington 1877-1927*. Nasionale Pers, Kaapstad, 1927:175.

39 *De Kerkbode* XVIII(14), 11 April 1901:222.

40 Notule Kerkraad Bloemfontein, 7 Junie 1901. Sien ook *De Kerkbode* XVIII(21), 30 Mei 1901:315.

41 Sien in hierdie verband *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikel 277 en volgende, 107 e.v.

42 *De Kerkbode* XVIII(24), 20 Junie 1901:356.

## 4. 'N (N.G.) GEMEENTE IN "HET KAMP TE BLOEMFONTEIN"

Toe eerwaarde Daneel, aan wie 'n permit toegestaan is om die kamp na willekeur te besoek, met sy werk begin, was daar meer as 5000 mans, vrouens en kinders teenwoordig. Die mans het tussen 400 en 500 getel.[43] Die sterftesyfer, veral onder kinders, het gedurende die winter 'n tragiese hoogtepunt bereik. Ofskoon baie gesterf het, skryf hy in *De Kerkbode* oor "Het kamp te Bloemfontein", gaan dit aan die einde van Junie tog beter. Twee dokters, en vier hospitale met Afrikaanse en enige Engelse verpleegsters, sien goed om na die siekes.[44] Elke tent het sy eie vuurmaakplekkie, tussen 'n stapeltjie klippe of in 'n blikkonka.[45] Dan lig hy die lesers ook in oor die organisering van die kerklike lewe en sy bediening in die kamp. Hier word vir die eerste keer 'n duidelike beeld van die gemeente wat in die kamp vorm aangeneem het, weergegee.

Volgens hom was daar 'n kerkraad in die kamp, bestaande uit 6 ouderlinge en 8 diakens. Hulle was verantwoordelik vir die blokke waarin die twee kampe opgedeel is. Hulle was ook behulpsaam met die opstel van lyste waarop die behoeftiges hulle nood kon laat aanteken. "De vrienden van Bloemfontein heeft reeds veel gedaan in de laatste 9 maanden."[46] Klere en skoene het bo-aan die lys van benodigdhede gestaan. Maar, ook boeke soos Kinderharpe, Sionsliedere, Katkisasieboeke, traktaatjies en die gewilde *Zionsbank* is dringend benodig.[47] Vir godsdienstige doeleindes word die regeringskool van die kamp beskikbaar gestel, benewens 'n kerktent. Sondae word begin met 'n biduur om 07h30 "in de Kerktent." Om 10h00 volg die gewone erediens. In die namiddag om 14h30 is daar weer 'n erediens. Weens gebrek aan ruimte moet twee maal Sondagskool gehou word, in die voor- en in die namiddag. Meer as 300 van die baie kinders woon dit by. En, "wij hoopen over een paar weken 600 te hebben, D.V."

Vir die Sondagskool het 18 onderwyseresse en twee onderwysers hulle aangemeld. Donderdagaande word die les in 'n voorbereidingsklas met hulle deurgewerk. Hy kon dit ook nie miskyk dat "albaster spelen zelfs des Zondaghs … onder de kinderen aan de orde van den dag" is nie. Dikwels word die kinders sommer daar en dan, met hulle albasters in die sand by-

43 Dies. xviii(26), 4 Julie 1901:386.
44 Dies.:385.
45 Dies.
46 Dies.:386.
47 Dies.

mekaar gemaak vir 'n Sondagskoolklassie.[48] Dit was die praktiese teenvoeter om sy puriteinse gemoed gerus te stel. Hierbenewens is 'n Christelike Strewers Vereniging ook in die kamp aktief.[49] Behalwe ds. Robertson en pastor Grosskopf, het eerwaarde J.S. Louw, die plaaslike sendeling sowel as Pritchard, 'n landmeter, die kamp gereeld besoek "en het Woord Gods aan de menschen verkondigd."[50] So kom 'n oortuigde evangelis en sendeling, geskool in die evangelies-ortodokse benadering van die Sendinginstituut op Wellington,[51] met entoesiasme aan die woord oor sy nuwe arbeidsveld.

Hierdie verslag dui op 'n vergestalting van die ekklesiologiese struktuur soos dit uiteengesit is in die geldende *Wetten en Verordeningen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Oranje Vrijstaat*. Hier was 'n kerkraad, waarin 'n predikant[52] en ouderlinge[53] en diakens[54] voorgegaan het. Of die kerkraad in terme van die bepalinge van die *Wetten en Verordeningen 1895*[55] aangewys is, bly steeds die geheim van die geskiedenis. Dit is wel seker dat die Ringskommissie of die Ring nie in die aanwys van die eerste kerkraadslede soos Artikel 56 van die *Wetten en Verordeningen 1895*[56] bepaal, betrokke was nie. Alle vergaderings van die Westelike Ring, waaronder Bloemfontein geval het, is opgeskort. Waarskynlik is die Kerkraad saamgestel uit diensdoende kerkraadslede van ander gemeentes wat nou in die kamp teenwoordig was.[57] Hier was 'n Sondagskool,[58] en 'n Strewers Vereniging vir die jongmense.[59] Naas die Tweetoringkerk en die Sendinggemeente in Waaihoek, het 'n derde N.G.-gemeente nou in die stad na vore gekom. Uit die krisis en ontwrigting van 'n oorlog wat veral op die burgerlikes ingekom het.

48 Dies.
49 Dies.
50 Dies.
51 Vir hierdie teologiese opleidingsinstelling, sien Dreyer, a.w.:55 e.v., 64 e.v., 71 e.v., 105 e.v.
52 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikels 16 e.v., 8 e.v., vir 'n omskrywing van die kerkregtelike posisie en arbeid van 'n N.G.-predikant.
53 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikels 26 e.v., 11 e.v., vir die werk van 'n ouderling in die gemeente.
54 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikels 28 e.v., 12 e.v., vir die opdrag van diakens in die gemeente.
55 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikels 54 e.v, 29 e.v. in hierdie verband.
56 *Wetten en Verordeningen 1895*, 29.
57 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikel 56.2, 29 in hierdie verband.
58 Sien *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikel 195 e.v., 87 e.v.
59 Kyk *Wetten en Verordeningen 1895*, Artikel 304 e.v., 117 e.v.

Sonder om formeel en kerkregtelik gestig te word. Hoewel hy nie oor 'n eie kerkgebou beskik het nie, was hy gou die grootste — die stad se eie makro-gemeente. Sy grense het met dié van die kamp saamgeval. Geografies was hy dus die kleinste en het soos 'n eilandjie binne die grense van die Tweetoringgemeente gelê.

'n Maand later kon eerwaarde Daneel die leeskring van *De Kerkbode* vertel van 'n aangrypende en suksesvolle evangelisasiereeks wat in die kampgemeente van stapel gestuur is. Daarin het hy voorgegaan in 'n benadering en metode wat hy baie goed geken het. En, na sy oordeel was dit die mees gepaste manier om 'n effektiewe bediening in die kampgemeente te vestig. Hy kon nie wag om daarvan te vertel nie.

## 5. 'N REEKS SPESIALE EVANGELISASIEDIENSTE

Soos talle ander predikante en sendelinge het Daneel die oorlog as 'n "roede Gods aan ons Volk" beskou. Ook hy het vertrou dat dit "de gewenschde uitwerking moge hebben en de harten mogen openen voor een ruimen geestelijken zegen."[60] Vir die sendeling was die oorlog 'n geleentheid vir elkeen om die saak met die Here uit te maak en tot inkeer te kom. Nog gedurende die Junievakansie is die skoolgebou, skryf Daneel, vir 'n reeks spesiale evangeliesasiedienste beskikbaar gestel. Spesiale evangelisasiedienste en -prediking was teen die einde van die 19de eeu by invloedryke kringe in die N.G. Kerk aanvaar as 'n beproefde en effektiewe metode om lidmate te help aan 'n geestelike lewensverandering en om kerklike "doodsheid" reg te stel. Hierdie teologiese rigting het hom kerkhistories oriënteer aan die herlewings in die N.G. Kerk rondom 1860 en hom sinodaal gehandhaaf in die werk van die Sinodale Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking, wat by die Kaapse Sinode van 1876 in die lewe geroep is. Hierin het 'n sterk metodistiese en Arminiaanse inslag, so eie aan die 19de eeuse Anglo-saksiese evangeliesgesinde teologie, meevoerend aan die woord gekom.[61] In hierdie teologiese omgewing het Daneel hom tuisgevoel.

60 W.F. Knobel in *De Kerkbode* XVIII(30), 8 Augustus 1901:452.

61 Vgl. vir hierdie teologiese rigting M.C. Franken, *Spesiale Evangelieprediking in die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika, 1876-1945*. Ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1987. Sien ook D.A. Kuyler, *Die ontwikkeling van die Sinode en sinodale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. 'n Ekklesiologiese studie.* Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1998:230 e.v., 238, 246, 285 e.v.

Daneel het die gemeente behoorlik onder hande geneem. Elke aand kon hy by hierdie spesiale dienste die woord voer. Talle het opgekom om na die evangelie van bekering en oorgawe te luister. In die namiddae was dit die kinders se beurt. Ook hulle moes aan die keuse vir Christus gehelp word. Honderde het saamgekom, terwyl "velen van de lieve kinderen … den Heere Jezus aan (namen)."[62] Aan die einde van hierdie reeks was daar 'n getuienisdiens, by welke geleentheid vele getuig het van die seën wat hulle ontvang het. Ander getuig weer dat hulle die Heiland ontmoet het. Ongeveer 30 of 40 het met vrymoedigheid gepraat "hoe de Heere Jezus hun was geopenbaard."[63] Daarmee het 'n ommekeer by baie gekom. En, daar is nou elke oggend om 07h30 'n biduur in die kamp, laat hy weet. Hieragter skemer, wat Murray tipeer as "evangelical Arminianism",[64] deur. Dit verklaar byvoorbeeld waarom Daneel die preke op 'n "getuienisdiens" laat uitloop het. Die keuse vir Christus is as 'n openbare geleentheid gebruik, juis om dit te propageer. Gaan dit hier om 'n tegniek wat aangelê word ter wille van bekering en herlewing?[65] Die Arminiaanse inslag van die vertaalde liedboeke wat in die kamp gebruik is, is 'n uitstekende voertuig vir hierdie soort tegnieke en benadering. Die woorde, melodieë en etos hiervan het die mense in die kamp eenvoudig aangespreek.[66]

Die gemeentelike lewe en bediening in die kamp is dus op 'n besondere manier deur die teologie van spesiale evangelieprediking gestempel. Dit sou die weg word waarlangs die ingehokte en verslae kudde van die Here hier geestelik versorg is. Dit was 'n benadering wat aan sy vrugte geken kon word. Daar was immers reaksie, en openbare bevestiging dat hierdie manier van Woordbediening werk. Daar is talle aanduidings dat N.G.-predikante oor die algemeen in hulle reaksie op en uitklaring van die oorlog en die uitdagings wat die oorlog vir die praktiese bediening ingehou het, hulle deur

62 *De Kerkbode* XVIII(29), 1 Augustus 1901:439.

63 Dies.

64 Sien I.H. Murray, *Revival and revivalism. The making and marring of American Evangelicalism 1750-1858*. Banner of Truth, Edinburgh, 1996:178.

65 Murray skryf in sy boek uitgebreid hieroor en ontsluit die onderliggende teologiese verskil aan die hand van die begrippe "revivals" en "revivalism". Het die bediening in die kampgemeente van Bloemfontein in die teken van "revivalism" gestaan? Hierdie vraag vra om breedvoerig geantwoord te word. In hierdie verband, vgl. Murray, a.w.:184 e.v., 208 e.v., 242 e.v., 380 e.v.

66 Sien R.M. Britz, "*De Kerkbode* oor die Anglo-Boereoorlog: Julie 1900 tot Julie 1902 (Deel II)". *NGTT* 42(3 & 4) September & Desember 2001:260-262 oor die teologie van die liedboeke wat in die kamp gebruik is.

die uitgangspunte van hierdie teologie laat lei het.[67] Dit was die antwoord wat hulle binne die vernietiging van die oorlog vanuit die Skrif gebied het. So is 'n bepaalde evangeliese vertolking van die Skrif, wat eietyds aangepas is, by hierdie kampgemeente ingedra en aan hulle voorgehou.

## 6. DIE GEMEENTE VESTIG HOMSELF, MAAR KRY NIE ERKENNING AS KERK VAN CHRISTUS IN EIE REG NIE

Teen Julie 1901 het die kampgemeente homself na binne gevind in die struktuur waarmee die meeste kampinwoners goed vertroud was. Vir hulle was dit wat kerklik in die kamp gebeur het, kerk soos hulle daaraan gewoond was. Daar was vir hulle nou 'n spesifieke herder om in die bediening voor te gaan. Daarby het die kerkraad belangrike werk gedoen en het die gemeente 'n evangeliesasiereeks agter die rug gehad. Op die 19de Julie 1901 is 61 jongmense deur ds. Robertson en ouderlinge van Niekerk en D.E. Marais, saam met 'n paar kampouderlinge, "aangenomen." Op die 21ste Julie 1901 is hulle toegelaat om in die openbaar belydenis van geloof af te lê.[68] Dit is opvallend dat ds. Robertson en twee ouderlinge van die Tweetoringkerk in die ondersoek na die katkisante se Gods- en geloofskennis meegedoen het. Die *Wetten en Verordeningen 1895* laat hierdie arbeid in die hande van die plaaslike ouderlinge. Het dit hierin gegaan om hartlike samewerking en onderlinge belangstelling? Of, is die kampkerkraad en -gemeente nie heeltemal as 'n gemeente in eie reg erken nie?

Meer as 1500 mense het die diens onder die blou hemel op die rantjie tussen die twee kampafdelings bygewoon, "waar velen de groote rotsblokken als zitplaatsen gebruikten." By hierdie geleentheid het die besoekende ds. H.P. van der Merwe (1867-1926) gepreek.[69] Die teks kom uit Lukas

67 Sien hiervoor bv. R.M. Britz, "*De Kerkbode* oor die Anglo-Boereoorlog: Julie 1899-Julie 1900 (Deel I)". *NGTT* 42(1&2) Maart & Junie 2001:31 e.v. Ook Britz, "*De Kerkbode* ... (Deel II)", a.w. 256 e.v., 260 e.v.

68 Hierin is Artikels 205 e.v., 90 e.v., van die *Wetten en Verordeningen 1895* gevolg.

69 *De Kerkbode* XVIII(31), 8 Augustus 1901:451. Ds. Hendrik Petrus van der Merwe is in 1893 gelegitimeer as predikant. Sien J.H. Lourens, *Die geestelike bearbeiding van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te velde, in die krygsgevangenekampe en die konsentrasiekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). 'n Historiese en kerkregtelike studie*. Ongepubliseerde B.D.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1960:129. Sy gemeente op Britstown het hom van sy ampswerk losgemaak om in die konsentrasiekampe te gaan arbei. Hy het ook in die kampe van Heilbron en Vryburg gewerk.

14:16-23. Dit handel oor die bekende gelykenis van die groot maaltyd, waarheen die armes, die verminktes, die kreupeles en die blindes uitgenooi is in die plek van diegene wat elke keer een of ander verskoning uitgedink het. By die plegtigheid van die belydenisaflegging was ds. Robertson aan die woord.[70] Die volgende Sondag is die heilige nagmaal in die kampgemeente gevier.

Nie net die Woord en die sakramente is bedien nie. Daar was ook "huisbesoek" gedoen. Tentbesoek, waartydens met mense persoonlik "over hunnen zielen" gepraat word, is volgens eerwaarde Daneel die belangrikste werk in die konsentrasiekamp. Daarby kon hy teen die einde van Julie egter nog nie kom nie, omdat die werk te omvattend is vir een persoon. "Ik leef in de blijde hoop hier binnenkort een tweeden arbeider te ontvangen."[71] In die kamp is talle armes wat stoflik versorg moet word. Daarom vra hy ook hulp in hierdie verband. Dit bly 'n oorweldigende saak. Dan vra hy voorbidding, omdat daar steeds — ten spyte van die spesiale evangelisasiereeks gedurende Junie — honderde mense is wat nooit in die kerkdienste kom nie.[72]

Op die keper beskou, is daar in werklikheid 'n eie gemeente, met kerkraad en al, in die kamp op die been gebring. Die lidmate het van oraloor gekom, waar hulle tuisgemeentes in baie gevalle tydelik opgebreek het. Die sakramente is bedien, die eredienste het plaasgevind, die kategetiese onderrig het gedy en die tipiese boekhouding (doop-, lidmaat- en huweliksregisters) is aangelê. Daarby is die kenmerkende steunpunte van 'n evangeliesgesinde bediening ook geaktiveer: spesiale dienste, bidure en 'n Christelike verenigingslewe. 'n Notuleboek van die kerkraad wat hier gefunksioneer het, bestaan nie (meer nie). Dit was 'n ingehokte gemeente, wat sy ontstaan aan die kamp te danke gehad het. En, sy lewe en werk het slegs binne die kamp afgespeel. Dit is 'n vraag of die insig dat dit hier in werklikheid om die Kerk van Christus gegaan het, besef is? Het die predikante wat in die bediening hier gestaan het, vanuit hierdie voorveronderstelling gewerk, gepreek en gebid?

## 7. 'N GEESGENOOT KOM HELP EN VERSTERK DIE TEOLOGIE VAN OORGAWE

Toe ds. C. Murray van Graaff-Reinet in September 1901 op die deurry die kamp besoek, was sy oorweldigende indruk dat "de behoefte aan leering,

70 *De Kerkbode* XVIII(31), 8 Augustus 1901:451.

71 Dies., XVIII(30), 1 Augustus 1901:439.

72 Dies.

vermaning, vertroosting en bemoediging … voorbeeldeloos groot … is."[73] Die situasie van die kamp was 'n besondere geleentheid om "zielen te helpen."[74] Hiervoor sou die "tweeden arbeider" waarna die eerwaarde so uitgesien het, uitnemend geskik wees. Dié was ds. H.C. de Wet (1853-1926)[75] van Alexandria. Dié twee het mekaar ook goed geken. Reeds gedurende September 1901 is ds. de Wet se aangestelling goedgekeur en het hy eredienste waargeneem en die doop bedien.[76] Hy was een van die Kaapse predikante wat die werk in die kampe as 'n roeping gesien en beleef het. 'n Oortuiging wat deur ds. Robertson gedeel is.[77]

Dit was nou twee ou vriende wat in die kamp se gemeente saamgewerk het. Eerwaarde Daneel het homself ná sy studie aan die Sendinginstituut op Wellington onderskei as een van die "evangeliste" wat in gemeentes spesiale evangelisasiewerk "in de prediking des Woords en in de persoonlijken arbeid aan zielen"[78] gedoen het. Op uitnodiging van kerkrade het "evangeliste" vir korter of langer tye in gemeentes vertoef om hulle op hierdie aspek van die Christelike geloof toe te spits. Alexandrië, waar ds. de Wet predikant was, was juis een van die gemeentes waar Daneel kom werk het.[79] Uiteraard is hierdie *Evangelisatiewerk in Zuid-Afrika* nie sonder teologiese oortuigings en voorveronderstellings gedoen nie. Daneel se versameling *verhalen van bekeering en gebedsverhoring en ander stichtelijke lectuur* in hierdie verband wat hy as *De hand des Heeren*[80] gebundel het, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Hy bring hierdie evangelisasiewerk in verband met die kragtige en sigbare werking van die Heilige Gees, waarin geloofsekerheid, bekering en bewustelike oorgawe aan Christus 'n deurslaggewende rol speel.[81]

73 Dies., XVIII(38), 26 September 1901:533.

74 Dies.

75 Vir 'n kort oorsig van sy lewe, sien *Almanak vir die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1927*. Kerkekantoor, Kaapstad, 1926:316. Ds. Hendrik Christoffel de Wet is in 1880 gelegitimeer en het in 1893 predikant op Alexandrië geword. Sien Lourens: a.w.:127.

76 Vgl. Doopregister Refugee Kampen O.R.K. 1901-1902. Argiefbewaarplek N.G. Kerk O.V.S.

77 *De Kerkbode* XVIII(38), 26 September 1901:533; dies., XVIII(43), 31 Oktober 1901:594.

78 Sien R.H. Daneel, *De hand des Heeren of Evangelisatiewerk in Zuid-Afrika, zijnde verhalen van bekeering en gebedsverhoringen en andere stichtelijke lectuur verzameld door R.H. Daneel*. Jacques Dusseau & Co., Kaapstad, s.d.:xv.

79 Dies.:xvi.

80 Sien dies.

81 Vgl. in hierdie verband sy opmerkings oor die kragtige werk van die Heilige

Teen hierdie agtergrond moet die diensreeks waarmee die eerwaarde sy bediening in die kampgemeente afgeskop het, verstaan word. En, hy en ds. de Wet sou hierdie benadering saam verder voer. Immers, De Wet was 'n uitgesproke voorstaander van "speciale Evangelie-prediking" as 'n buitengewone en aanvullende bediening.[82] Nie almal in die N.G. Kerk was ewe oortuig hiervan nie. Daar is "in onzen dagen nog velen … die bezwaar maken tegen specialen Evangelie-prediking, en te meer door ongeordende Evangelisten …,"[83] erken hy. Maar, laat hy dadelik hoor, "dit van God erkend en gezegend werk" is, "gegrond op ondervinding en gezond verstand, wel niet overbodig."[84] Vir die uitgestrekte plattelandse gemeentes, waar dit bykans onmoontlik is om die kudde in alle opsigte behoorlik te bearbei, is die amp van evangelis, deur God ingestel, uitnemend geskik. Hierbenewens moet "alle heilzoekende zielen" deur "buitengewone prediking" gewen word "en aan den Heiligen Geest gelegenheid gegeven worden om in de harten te werken."[85] Laastens wys hy daarop dat daar 'n verskeidenheid gawes by verskillende persone aangetref word (I Kor. 12:4). "De Evangelist," verduidelik hy, "is dus een specialiteit op zijn eigenaardig gebied." Hy beskik oor die "gave om zondaaren uit den slaap der zonde wakker te schudden en tot geloof en bekeering te bewegen …"[86]

Hierna weerlê hy die besware wat teen die spesiale evangelie-prediking ingebring word. Eerstens wys hy die oortuiging af dat die amp van evangelis net beperk was tot die vroeë kerk. Met 'n beroep op Calvyn (Institusie IV.3.4) wys hy daarop dat die "ambt van Evangelist … niet een gewoon ambt (is)," maar "dat God nog bij gelegenheden Evangelisten opwekt, zoals geschiedde in de dagen der kerkhervorming."[87] Sy argument kom dus daarop neer dat die betreurenswaardige toestand van die kerk die werk van evangeliste noodsaak. Sy beroep op Calvyn is egter nie heeltemal so waterdig as wat hy voorgee nie. Calvyn gee toe dat evangeliste nodig was om in sy eie tyd "die kerk van die verset van die Antichris af terug te bring. Ek noem die amp," verduidelik hy dan, "nietemin *buitengewoon* omdat dit nie in 'n behoorlik geïnstitueerde kerk

Gees en die seëninge daarvan in 'n N.G. Sendingkerk, waarheen selfs baie blankes gestroom het. Dies.:61e.v. Gelowiges word warm, wakker en werksaam. Dies.:66. Sien ook sy uitlating ná 'n suksesvolle diensreeks: "De genade Gods en de overtuigende kracht des Geestes was uitgestort …" Dies.:72.

82 Sien sy "Een getuigenis omtrent speciale Evangelie-prediking" in dies.:38 e.v.

83 Dies.:38.

84 Dies.

85 Dies.:39 e.v.

86 Dies.:40.

87 Dies.:41.

plek het nie."[88] Calvyn kan dus nie gebruik word om die amp van evangelis binne 'n geïnstitueerde kerk, soos die N.G. Kerk, te motiveer nie.

Tweedens maak hy 'n saak daarvoor uit dat hulle nie georden hoef te wees nie. Hulle het opleiding en staan onder toesig van die Binnelandse Sendingkommissie van die Kaapse Sinode en werk alleen in gemeentes wat hulle daarom versoek.[89] Derdens is daar die beswaar "dat men door Speciale Evangelieprediking aan Gods Souvereiniteit te kort doet."[90] In hierdie verband wys hy daarop dat "deeze zaak … eene menschelijke zoowel als eene Goddelijke zijde"[91] het. Bowendien is die evangeliste manne van gebed, wat alles van God verwag. Dus word God se soewereiniteit juis geëer. Dat die vrugte "eener opwekking op specialen arbeid" nie volhoubaar is nie, skryf ds. de Wet toe aan die verwaarlosing van die allerbelangrike opvolgwerk.[92] Die opkoms van "Dweperij" — die laaste beswaar — hou volgens hom nie water nie. Met die regte benadering kan skeefgroei in hierdie verband maklik reggetrek word.[93] Laastens bevestig die ervaring van die kerklike praktyk sy positiewe beoordeling van hierdie bedieningsmetode.[94] Die gemeente bly "… dood en zonder de vruchten der gerechtigheid zoolang Gods Geest niet over haar uitgestort wordt."[95] "Daarom moet men," trek hy 'n gevolgtrekking, "niet slechts bidden om den tijdelijken regen, maar bovenal om den regen van Gods Geest."[96]

Twee geesgenote het mekaar dus in die kamp by Bloemfontein die hand gereik. Hier het dit egter nie om 'n uitgestrekte gemeente gegaan nie. Almal was binne loopafstand van mekaar. Die metode van bediening kon dus maklik toegepas word. Trouens, beide het die omstandighede waarin die gemeente verkeer het, gesien as 'n ideale geleentheid om die Woord op 'n spesiale manier te bedien en om "zielen" vir die koninkryk te wen. Hoewel daar nie meer inligting oor die gemeentelike lewe gedurende die laaste kwartaal van 1901 is nie, moet aanvaar word dat die teologiese aksent en appél wat in die bediening gemaak is, gevou is in die kleed van bovermelde evangelies gesinde praktiese teologie. Het almal in die kamp hulle hiermee

88 J. Calvyn, *Institusie van die Christelike Godsdiens IV*. CJBF, Potchefstroom, 1992. (Vertaal deur H.W Simpson.):1320.

89 Daneel, a.w.:43.

90 Dies.

91 Dies.:44.

92 Dies.:45.

93 Dies.:46.

94 Dies.

95 Dies.:47.

96 Dies.

vereenselwig? Beide predikante was immers bewus daarvan dat daar oor hierdie metode en benadering nie eenstemmigheid in die N.G. Kerk was nie. Juis omdat die verskille op konfessionele vlak gelê het. In sy latere boek *Waarom ik geloof* skroom ds. de Wet nie om met betrekking tot die uitverkiesing Calvyn en die Dordtse Leerreëls te kritiseer nie.[97] Was almal wat by die prediking in die kampgemeente weggebly het, dus onverskillig?

## 8. NOG "TREFFENDE GEVALLEN VAN VERANDERING EN WARE BEKEERING" JANUARIE-MEI 1902

In *De Kerkbode* is dikwels gevra dat vir die kinders gebid moet word.[98] Vir die predikante wat onder hulle gewerk het, was dit immers duidelik dat dit in die omstandighede van die kamp baie moeilik was om aan die kinders 'n behoorlike huislike opvoeding te gee. Die bediening aan kinders was derhalwe baie belangrik. Benewens Sondagskool was daar elke Sondag ook in die middag 'n kinderdiens. En, in die middel van die week was daar nog 'n kinderdiens. Die 120 onderwysers het uit die geledere van die Christelike Strewers Vereniging gekom.[99] Met Kersfees 1901 is aan elke kind in die Bloemfonteinkamp 'n kerspakkie gegee. Meer as 2000 kinders was hiervoor bymekaar, baie van hulle sonder skoene en geklee in ou en te veel gebruikte klere. Tydens die kersdiens vir die kinders is hartlik uit die *Kinderharp* gesing.[100]

Gedurende Desember 1901 het ds. Pieter van der Merwe (1860-1940) van Beaufort-Wes, nog 'n gemeente waarin eerwaarde Daneel verwelkom is om spesiale evangelisasiewerk te doen, by ds. H.C. de Wet oorgeneem.[101] Hy het oor baie kampervaring beskik. Reeds gedurende Junie 1901 het hy in die kamp by Norvalspont as predikant tereg gekom.[102] Vir ds. van der Merwe het dit opgeval dat die dienste nie goed bygewoon word nie. By die

97 Sien H.C. de Wet, *Waarom ik geloof. Eenige bewijsgronden voor het Christelijk geloof*. H.A.U.M. & J. Dusseau & Co., Kaapstad, 1913:205, 206, 207.

98 *De Kerkbode* XIX(1), 9 Januarie 1902:6.

99 Dies., XIX(20), 22 Mei 1902:386-387.

100 Dies., XIX(1), 9 Januari 1902:6.

101 Ds. van der Merwe is in 1886 gelegitimeer en het ook in die kampe by Norvalspont en Vryburg gewerk. Hy was in hoë aansien by die Britse owerheid. Sien in hierdie verband C.O. 25 2217/01 Vrystaatse Argiefbewaarplek. Sien ook Lourens: a.w.:129. Ook *Feesuitgawe van die Kweekskool Stellenbosch, 1859-1959*. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1959:127.

102 *De Kerkbode* XVIII(25), 27 Junie 1901:374.

wat wel gekom het, was daar tog erns te bespeur. “Van tijd tot tijd kom ook zielen tot licht, doch wij verlangen en bidden noch steeds om de krachtige werkingen van Gods Geest.”[103] Wat hom betref, kon net ’n egte herlewing hierdie doodsheid regstel. Die regering help ruim om in die behoefte aan veral klere te voorsien. Siektes en sterftes is nog sorgwekkend, maar die maatreëls wat getref is om dit te keer, werp nou vrugte af.[104]

Die verbintenis tussen die kampgemeente en eerwaarde Daneel sou ook nou verbreek word. Hy het Bloemfontein gedurende die laaste week van Januarie 1902 verlaat om in die kamp by Bethulie te gaan werk. Volgens die Doopregister van die N.G.-gemeente Bloemfontein het hy vir die laaste keer kinders gedoop onder die datum 19 Januarie 1902.[105] In die kamp het hy nog op 22 Januarie die doop bedien.[106] Pas daarna het hy die kampgemeente verlaat.[107] Teen die einde van Januarie het ds. van der Merwe ook na sy gemeente teruggekeer.[108] In sy plek het die jong proponent C.H. Stulting (1870-1963)[109] gekom.

Ook hy het hom uitgelaat oor die twee belangrike sake wat *De Kerkbode* oor die kamp aan die orde gestel het, naamlik die geestelike toestand, sowel as die fisiese versorging van die inwoners. Sterfgevalle, laat hy weet, is steeds minder, en die regering het gedurende die laaste tyd veel gedoen om die saak te verbeter. Die meeste mense in die kamp is ook heilbegerig. Vir hulle is daar ’n omvattende program om by in te skakel. Elke dag om 06h00 is daar biduur. Sondae was daar twee keer kerk in die kamp en in die middag ’n besoek aan die hospitale waar ook ’n kort diens gehou is vir die personeel. Ook Woensdagaande word biduur en diens gehou. In die witseerkeelkamp hou hy Maandag en Donderdag diens. Vrydae word ook nog êrens op ’n voorafbepaalde plek in die kamp ’n diens gehou. Dan organiseer hy ook nog afsonderlike bidure vir mans, vrouens, seuns en dogters een

103 Dies., XIX(3), 28 Januarie 1902:30.

104 Dies.

105 Doopregister Bloemfontein 1890-1911. Argiefbewaarplek N.G. Kerk O.V.S.

106 Doopregister Refugee Kampen O.R.K. 1901-1902. Argiefbewaarplek N.G. Kerk O.V.S.

107 Daneel was teen die helfte van 1902 steeds in Bethulie. Sien *De Kerkbode* XIX(19), 15 Mei 1902:374. Sien ook dies., XIX(24), 19 Junie 1902:432 e.v.

108 Dies. XIX(3), 28 Januarie 1902:30.

109 ’n Kort biografiese oorsig verskyn in *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Moeder- en Sendingkerke*. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1964:593. Christiaan Hendrik is in 1870 gebore, aan die einde van 1901 gelegitimeer en het in 1955 sy herinneringe oor sy werk in die Bloemfonteinse kamp op skrif gestel.

maal per week.[110] Is daar ook tasbare resultate in hierdie verband? Stulting is oortuig dat God op 'n tasbare wyse in die kamp werk. Hy doen groot dade. Veral die kinders dors na die Woord van die ewige lewe. Hulle oë getuig van ernstige verlange. In vele gevalle is "hardheid en onverschilligheid" egter nog sigbaar, "maar juist onder de onverschilligen hebben wij treffende gevallen van verandering en ware bekeering."[111] Hier leer 'n mens die erns van die lewe besef. Hier leer 'n mens dat dit nou reeds die tyd is om te bid sonder ophou.[112] Het die jong evangeliedienaar die kampgemeente in sy eie reg as Kerk van Christus gesien en van daaruit bedien? Of, was dit 'n arbeidsveld wat vir die Here gewen moes word?

Drie maande later skrywe hy van 'n ommekeer wat in die kamp besig is om plaas te vind. Die bywoning van die bidure het verdubbel. Ook die eredienste het 'n verandering ondergaan. Die gebede boesem hoop in omdat die geestelike voorop staan en die tydelike na die agtergrond verskuif het. Die hospitale is byna leeg. Groot tevredenheid, moed en volharding word by die meeste inwoners aangetref.[113] Nog 'n evangeliegesinde het die bediening van en in die gemeente verder gevoer. L. Hofmeyer, 'n onderwyser, het gedurende Mei 1902, toe die vredesonderhandelinge al aan die gang was en die vooruitsig op vrede 'n werklikheid begin word het, vertel van die rustige verloop van sake. Om nege uur in die aand, die tyd wat bepaal is vir huisgodsdiens, klink daar oral 'n lied op. Bedags gaan die lewe sy gang. In die roubaksteen-skoolgeboue kom die kinders byeen vir hulle onderrig. Boeke en skryfbehoeftes word deur die Departement van Onderwys verskaf. Alleen godsdiensonderwys word in Hollands gegee. Die res van die onderrig is in Engels.[114] By die postent is daar altyd 'n lang ry as die pos inkom. En, die "Ration ticket" het sy eie lang rye in die stof van die kamp geskep waar welgestelde landeienaar en bywoner, nou gelykgeskakel, aangetou het. By die waterpomp is die emmers in lang rye gepak en geduldig gewag op die beurt wat moes kom.[115] En, by 'n groot kinderdiens op die rantjie is steeds uit *De Kinderharp* gesing: "Jezus min mijn zalig lot", "Laat, o laat, de kindertjes naar Mijn toe kom" en weemoedig, "Dat huis ver van hier …".[116]

110 *De Kerkbode* XIX(8), 27 Februarie 1902:88.
111 Dies.
112 Dies.:87-88.
113 Dies., XIX(20), 22 Mei 1902:385-386.
114 Dies.
115 Dies.
116 Dies.:387.

## 9. DIE UITEENLOOP AAN DIE EINDE: JUNIE 1902-JANUARIE 1903

Meer as 50 jaar later, toe die bejaarde ds. Stulting terugdink aan die kamp, kon hy nog onthou dat pastor Grosskopf elke week 'n sak groente van die dorp af gebring het en aan mense uitgedeel het.[117] Hy het dus 'n permanente band met die gemeente opgebou. Dit word bevestig deur 'n adres wat die kampkerkraad kort voor die vredesluiting aan hom gerig het. Hy kom, so skryf die Kerkraad,

> als een trouwe herder ons geregeld het Woord des Woensdage bringen toen wij gansch herderloos, aan ons zelven waren overgelaten.... Uw woord was altoos doordrongen van meenig medegevoel, geestelijke verlichting en broedelijke raadgeving.

Met groot inspanning het hy die ouderlinge bygestaan en was 'n middel in Gods hand om baie wat moedeloos en neergeboë was, op te beur en te red van gewisse wanhoop. Sy aalmoese en gebede sal die Here tien keer aan hom terugbesorg. Sy woord was vir die kamp 'n seën en "deze blij in ons." Die adres is onderteken deur P.G. van Aswegen, P.F. de Briujn, B.W. Richter, R.W. Venter, J.J. van Niekerk, H.J.J. van Aswegen, U.A. du Toit, S.F. van Niekerk en F.J. van Zijl.[118]

Van toe af het dinge vinnige gebeur. Vir ds. Stulting was die sware lyding wat in die kamp deurworstel moes word, nog vars in die geheue. Maar, skryf hy nou in 1955, die vreeslikste dag was toe hy gevra is om in die kamp af te kondig dat daar vrede is en dat die onafhanklikheid verlore was. Dit was verpletterende nuus. "Die gehuil en geween en gesug was so vreeslik dat ek vir vyftien minute nie kon afsluit nie".[119] Die greep van nog 'n finale einde het, ten spyte van al die verwagtings, bitter seergemaak. Net so vreeslik, skryf hy, was die verbystering met die terugkoms uit die veld as ontdek word dat geliefdes reeds dood was.[120] Die dood het steeds oor die kamp bly hang.

Rondom Bloemfontein is die militêre kampe afgebreek. Ook die konsentrasiekamp moes nou tot 'n einde kom. Maar dit sou tyd neem. Op 30 Junie 1902 was daar nog 5633 inwoners.[121] Gedurende Julie het die getal begin daal soos wat mense koers begin kry het terug huis toe. Teruggekeerde

117 Stulting: a.w.:2.

118 8 Mei 1902 Refugee Camp, Bloemfontein, 1728/1, Oorlogsmuseum.

119 Stulting: a.w.:4.

120 Dies.:5.

121 Raath, Louw en Olivier: a.w.:125.

krygsgevangenes het ook hier tydelike onderdak gevind, totdat die proses van repatriasie afgehandel sou wees. Aan die einde van die jaar was daar nog 'n klein klompie mense oor. Op 3 Januarie 1903 is die kamp finaal gesluit.[122] Net die oopgetrapte lap aarde was die stille getuie van 'n stuk lewe wat hier afgespeel het. Gedurende die sewe maande tussen Junie 1902 en Januarie 1903, het die kampgemeente dus ook uiteengeloop. Sy bestaan was immers verbind aan die kamp. Proponent Stulting het kort na die sluiting van die vrede 'n beroep na Venterstad aanvaar, waar hy op 18 Oktober 1902 bevestig is.[123] Volgens Lourens het nog twee afgestudeerde studente in die kamp gewerk: Daniel Jacobus van den Heever[124] en Carel Gerrit Jooste.[125] Sou hulle die laaste skof met die gemeente gedeel het? Oor hoe dit toe met die gemeente gegaan het, en oor die laaste bidure en erediens, die laaste groet, swyg die bronne.

In "het kamp te Bloemfontein" wás daar 'n gemeente van Christus. Hier is Woord en sakrament bedien. Die prediking en bediening in die kamp was tradisioneel en evangeliesgesind, soos die N.G. Kerk dit al vir meer as 50 jaar in 'n styl van sy eie aangepas het.

*Trefwoorde*
Anglo-Boereoorlog en die kerk
Bloemfontein
Konsentrasiekamp
Kampgemeente
Gemeente en oorlog
Vrystaat
Herlewing

*Keywords*
Anglo-Boer War and the church
Bloemfontein
Concentration Camp
Camp church
Congregation and war
Free State
Revival
Revivalism

122 Dies.:126.
123 *Eeufeesuitgawe van die Kweekskool* … a.w.:122.
124 Lourens: a.w.:128. Van den Heever het sy opleiding aan die Sendinginstituut ondergaan en is in 1902 toegelaat tot die bediening. Dreyer, a.w.:176.
125 Lourens, a.w.:127. Jooste is in 1877 gebore en gelegitimeer gedurende 1901. Sien *Eeufeesuitgawe van die Kweekskool* … a.w.:92.